Windows 10 opgradering en Winkerk 7

1. Agtergrond:

Hierdie dokument sal die gebruiker instaat stel om al die nodige veranderinge aan te bring aan Windows 10 sodat Winkerk 7 reg funksioneer.

2. Windows sekuriteite:

Na die opgradering na Windows 10 het die opgradering die sekuriteitsregte van folders waarin Winkerk ge-installeer is verander sodat die gebruiker nie volregte het op die folders nie. Daar is twee folders waarvan daar sprake is. Die eerste is die **C:\Winkerk7** folder en die tweede is die **C:\Program Files (x86)\Winkerk7** folder. Laasgenoemde sal nie voorkom op 32 bit rekenaars nie, maar slegs op 64 bit rekenaars. Indien dit 'n 32 bit rekenaar is, sal die folder se naam **C:\Program Files\Winkerk7** wees.
Verandering moet soos volg aangebring word op die folder.

1. Maak in die toolbar onder op die skerm File Explorer oop.
2. Blaai dan na This PC en dan na die C: skyf.
3. Gaan dan af na die Program Files (X86) folder en maak dit oop.
4. Soek vir die Winkerk 7 folder en kliek een keer daarop sonder om dit oop te maak.
5. Regskliek dan op die folder en kies Properties. Die volgende skerm sal dan vertoon word.



6. Kliek dan op Security. Die skerm sal so lyk:



7. Kliek dan op Edit.



8. 'n Nuwe klein skermpie verskyn dan. Kliek dan op Users en kliek dan in die blokkie langs Full Control onder die opskrif Allow. 'n Regmerkie sal dan verskyn. Kliek dan op Apply en dan op OK.

9. Volg dan presies bg. stappe met die C:\Winkerk7 folder.

3. Installering van MSChart:

Indien die MSChart.exe lêer nie reeds onder die rekenaar se Downloads is nie, kan dit net weer van www.infokerk.co.za afgelaai word onder die Winkerk 7 bladsy. Nadat die lêer afgelaai is, kan dit net gelaai word deur daarop te dubbelklik.